

Inploffing van kardiologie-dienste kommerwekkend

MARIETJIE GERICKE

Vrydag 22 Augustus 2014

DIE grootste gevaar wat die skool vir geneeskunde van die Universiteit van die Vrystaat (UV) in Bloemfontein bedreig, is die voortdurende bedanking van senior en middelklas-geneeshere.

Dit kan lei tot die ineenstorting van die kliniese akademiese platform met verreikende gevolge vir voor- en nagraadse opleiding.

Só waarsku Gerhard Koorts, provinsiale bestuurder van die Vereniging vir Staatsamptenare, in reaksie op Volksblad se berig oor die ingryping van prof. Jonathan Jansen, rektor van die Universiteit van die Vrystaat, by die Universitas-hospitaal.

Jansen word tans deur dr. David Motau, hoof van die Vrystaatse gesondheidsdepartement, en dr. Balekile Mzangwa, bedryfshoof van die departement, met dié krisis bygestaan.

Jansen het ook ontmoetings met die Vrystaatse premier, Ace Magashule, en die nasionale minister van gesondheid, Aaron Motsoaledi, gereël en dat 'n hoof vir die kardiologie-afdeling reeds Maandag by Universitas sal begin werk.

Koorts sê dit is veral die inploffing van kardiologie-dienste wat kommerwekkend is omdat pasiënte se lewe bedreig word.

Hy sê die departement kardiologie funksioneer tans nie en word basies op 'n internisvlak bedryf wat ook medies-geregtelike implikasies het.

“Dokters wat daar werk, is moontlik blootgestel.”

Die oorkoepelende probleem is die afwesigheid van 'n gekwalifiseerde kardioloog.

“Dit is ook 'n groot kommer dat van die nagraadse geneeshere bedank het en daar is weinig basiese dienste.”

Die blote aanstelling van 'n nuwe hoof gaan ook nie noodwendig onmiddellik 'n oplossing bring nie, sê hy.

“Dit kan jare neem om die departement weer op te bou.”

Koorts sê in sy verklaring die uitvoerende hoof, dr. Sehularo Gaelesjwe, wat tans met verlof is, se lompe en talmende hantering betreffende die aanstelling van 'n hoof vir kardiologie laat die hele proses skade ly.

Gaelesjwe het glo dringend met verlof vertrek.

Koorts sê Gaelesjwe se optrede teenoor junior personeel in die kardiologie-afdeling lei ook tot stres onder personeel.

Personeel word ook in ander afdelings ingedeel.

“Hul inkomste word direk bedreig en sommige mag in ander werk belang stel. Selfs met 'n nuwe hoof mag dit tot 'n totale ineenstorting lei.

“As daar net een kardioloog en een spesialis in opleiding is, kan dit op gebrekkige opleiding neerkom.”

Koorts sê wat opleiding betref, is die ideaal dat daar twee kardioloë moet wees om een nagraadse subspesialis op te lei.

Hy sê ook private kardioloë word glo baie swak deur Gaelesjwe behandel.

Die Suid-Afrikaanse Hartvereniging het selfs 'n verklaring uitgereik oor die risiko en swak hantering van die kardiologie-saga.

Koorts meen die oorgrote meerderheid bedankings is weens Gaelesjwe.

“Sy optrede, sowel as die hantering daarvan deur die UV, het tot 'n aftakeling van die moreel onder personeel gelei.

“Dit is deur ander universiteite besef en hulle skeep nou die room in 'n koppejag op dokters en spesialiste.”

Volksblad het reeds meer as een keer deur Mondli Mvambi, regeringswoordvoerder, 'n onderhoud met Gaelesjwe probeer kry, maar dit word van die hand gewys.